Ark Blitz

Les 19 – 'N TEKEN VAN GENADE

Josua 2

Josua het twee manne gestuur om die stad Jerigo 'n baie ou en bekende stad te verken, en toe hulle daar kom, het die koning van die stad van hulle aankoms gehoor. Die koning was bang vir die Israeliete, en wou die mans doodmaak. Hulle was in gevaar en het iets gekort! Waar sou hulle veilig wees? Hulle kry toe hulle veiligheid by die laaste persoon aan wie ons dalk sou dink. Iemand wat nie jou tipiese 'kerk-mens' is nie. Iemand wat mense dalk sou sê 'n slegte of 'n sondige mens was. Haar naam was Ragab. Hierdie persoon, van wie die meeste mense nie sal hou nie, was die persoon wat die Here gebruik het om hierdie mans te red. Sy het aan hulle genade gewys, al was hulle vreemdelinge. 'n Slegte persoon wat genade bewys aan vreemdelinge? Dit klink soos iets wat net die Here sou doen! Ragab het 'n groot kans gevat. Nadat sy aan hierdie twee mans genade gewys het, het sy gevra vir genade. Sy het die Here se volk vertrou om ook aan haar genade te bewys. Toe het die mans vir haar gesê om 'n bloedrooi tou aan haar venster te bind. Hierdeur sou die volk Israel geweet het om haar lewe te spaar en genadig teenoor haar en ook haar familie te wees, omdat sy aan die 2 verkennner genade bewys het. Ragab se storie eindig nie hier nie, haar storie gaan baie verder, want sy Ragab is deel van die geslagregister van Koning Dawid en dus ook Jesus.



Ragab se huis van genade

Deuteronomium 6:4-5

- Luister, Israel,
- die Here is ons God.
- Hy is die enigste Here. 1
- Daarom moet jy die Here jou God liefhê
- met hart
- en siel,
- met al jou krag.